

21 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 4:1-18

Fokusgedeelte: Johannes 4:6,10

Die ewige fontein van lewende water

Ons het hier te doen met iets groots. Dit is iets wonderliks, naamlik Jesus se goddelike natuur en sy menslike natuur. Jesus, God se Seun, is self dors en tog is *Hy* die fontein van lewende water wat standhou tot in die ewige lewe.

In Johannes 1 sien ons: *Hy* is die Woord, van ewigheid by God, self God. Ook: *Hy* is die Woord wat mens geword het. In Johannes 4 lees ons van die egte menswees van God se Seun. *Hy* is moeg na 'n lang reis en gaan sit sonder seremonie by die fontein van Jakob, net soos 'n gewone mens na 'n lang dag. *Hy* was dors. Die paradoks van hierdie Man wat dors is, is dat *Hy* vir sy uitverkorenes (Joh 5:21) die fontein van lewegewende water is wat sal standhou tot in die ewige lewe. Met sy kruis en opstanding het hierdie fontein oopgebreek en met Pinkster het die water van 'n nuwe lewe begin stroom in gemeenskap met God die Vader.

Nou nog kom ons verhoogde Here Jesus na ons in die nederige gestalte van die Woord en daarvan sê *Hy*: Dit is Gees en dit bring die ewige lewe (Joh 6:63).

Ons sien dit in ons eie lewe. Ons is so verganklik soos die gras van die veld, so nietig soos die veldblom, maar daar is 'n geheim. Deur die onverganklike saad van Jesus se bloed- en opstandingswoord is ons reeds in dié bedeling wedergebore tot 'n nuwe lewe met God, 'n nuwe lewe wat sal standhou tot binne-in die ewige lewe. Is jy ook moeg? Ons kry weer lewe in gemeenskap met die Vader en sy Seun, Jesus Christus. Vra Hom vir die water. *Hy* gee sonder om te verwyf.

Sing: Psalm 63:1,2 Ds JH Grobler (Piet Retief)